NG Sinode Hoëveld
Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

Nuusbrief #32
12 Okt 2017

# MISSIONALE WERKSESSIE

## AANGEBIED DEUR: NG SINODE HOËVELD

*Inleidende gesprekke oor sekularisasie wat die wêreld soos donkerwolke toetrek en die buitengewone geleenthede wat dit bied om missionaal teenwoordig en effektief te wees.*

### WANNEER

**21 Oktober 2017**
**10:00 – 13:00**

### WAAR

**Sinodale Sentrum**
**Kempton Park**

RSVP teen 16 Oktober 2017:
Natassja Marais
011 975 8220
pa@ngkhoeveld.co.za

NG Kerk van Suid-Transvaal

### TEMA:

Missionaal in Sodom en Gomorra!

### DOEL:

Om leiers en gemeentelede te bemagtig deur hulle bewus te maak dat selfs onder moeilike omstandighede (sekularisasie) dit steeds moontlik en voordeliger is om met 'n missionale fokus in jou Gemeente te funksioneer.

### SPREKERS:

Dr. Frederick Marais
Ds. Dirkie van der Spuy

### VBO PUNTE

3 punte kan verdien word.

### GRATIS

## Saterdag, 18 Nov. 2017 om 09:30

Jak de Priester sing ten bate van Transvalia-Skool vir leerders met Epilepsie en Leergestremdheid.



R120 pp / R100* pp

NG Kerk Lynnwood,
Sussexlaan, Lynnwood

Bespreek by Suné Coetzee (012 800 1071)
of Marietjie Landman (083 294 8246)



# WILLIE BOTHA

**DATUM & TYD:**

**SONDAG OGGEND**
**19 NOVEMBER 2017**
**OM 9:00**

**PLEK:**

**NG KERK**
**BOKSBURG WES**

CD'S, DVD'S & BOEKE BESKIKBAAR
MOET DIT NIE MISLOOP NIE

TOEGANG IS GRATIS.


PACKAGED LOVE
Christmas is coming and it is time to experience the joy of giving.
Add one extra item to your shopping list and help us to Change a in the City.
MES
ACTIVATE YOUR HEART
To find out more on how you can help, contact Luwanda at luwanda@mes.org.za
or visit our website at www.mes.org.za or phone us on (011) 027 9783


Dr.Richard Blackaby
BESOEK SUID-AFRIKA
9-21 NOVEMBER 2017
Meer Inligting: MAAK 'N VERSKIL IN MOEILIKE TYE
Nuwe Generasie Leiers
Plek: NG Kerk Kempton-Kruin
Adres: Fiskaal Straat 30, Glen Marais, Kemptonpark
Tyd: Maandag, 20 Nov, 08:30 - 12:30
Koste: R100.00 pp.
(Ligte ete, verversings en 2 Sesesies ingesluit met Q&A)
SPIRITUAL LEADERSHIP
Wie mag dit bywoon?
Almal in Korporatiewe en Geestelike Leierskap posisies, asook opkomende leiers.
Navrae - Ds. Michelle van Tonder, 083 649 8301, kinders@kruin-kerk.co.za
Dr. Danie Malan, 082 784 9338, danie@kruin-kerk.co.za
Kempton-Kruin Kerkkantoor, 011 391 1343, admin@kruin-kerk.co.za
WWW.HEARTCRYSA.COM
HeartCry
Blackaby




# NG Kruiskerk / Moederkerk Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2018

Die uiters gewilde eerstejaarskamp van Kruiskerk (die ou Studentekerk) op Stellenbosch vind plaas van **21-24 Januarie 2018** te Bergkroon (Wellington).

Die kamp se getalle word beperk tot 400 eerstejaars (200 dames en 200 mans). Gaan dus direk na die webwerf om in te skryf en begin jou nuwe lewensfase op die regte plek! (Omdat die kampterrein tot die maksimum gebruik word, werk ons op 'n basis dat diegene wat eerste betaal eerste plek sal kry.)

Vir meer inligting (en om in te skryf) volg die skakel: http://kruiskerk.com/eerstejaarskamp2018/

2018 se Mighty Men byeenkoms is DV volgenjde jaar net buite Humansdorp op die plaas Geelhoutboom.

Kaartjies kan by itickets voor die tyd gekoop word

Vir navrae kan Eugene (0823783839), Rossouw (0836346255) of Tommie (02845112709) geskakel word.




KAIROS
TEATER
TEN BATE VAN MES
KEMPTON PARK
Kaartjies beskikbaar by
Annatjie Krige
082 454 3520
Tafels R130 pp
Galery:
Volwassenes R100
Kinders R80
COENIE DE VILLIERS
WOENSDAG 15 NOVEMBER 2017 19:00 vir 19:30
Kempton
Hoogland
Familie


NG Kerk Kempton Krag
bied aan
Dewald Gouws en sy orkes
Datum: 27 Oktober 2017
Plek: NG Kerk Kempton Krag, H/v Birch en
Addax Straat, Cresslawn, Kempton Park
Tyd: 18h30 vir 19h00
Prys: R100 p/p
Kontak: Tina - 082 359 5608
Ronel - 083 305 6799
Verversing sal verkoop word en sal beskikbaar wees vanaf 17h30


NG GEMEENTE STANDERTON-WES
BASAAR 2017. TEMA: HAWAII
28 OKTOBER 2017
TYD: 08:00 – 13:00
PLEK: NG WES KERKTERREIN
(H/V CHARL CILLIERS- & KRUGERSTRAAT)
TE KOOP:
VLEIS, PANNEKOEK, KOELDRANK, POEDING, KERRIE & RYS, WORSBROORDJIES, PAP, SOUS EN WORS, TEE-TUIN, GROOTKOEKE, KLEINKOEKIES, BOEKE, SNUFFELBOUTIQUE, BILTONG, EN PLANT-NES
IETS VIR GROOT KINDERS EN KLEINKINDERTJIES ASOOK 'N "CAR BOOT SALE".
INDIEN JY JOU GOEDJIES WIL KOM VERKOOP BY ONS "CAR BOOT SALE" IS DIT R100, SKAKEL GERUS DIE KANTOOR BY 017 712 3034 OM TE BESPREEK.


GELOOF ALLEEN
REISE DEUR DIE KERKHERVORMINGS
André Pretorius
Kom luister na
Rudi Swanepoel
in gesprek met
André Pretorius
oor sy boek
GELOOF ALLEEN
REISE DEUR DIE KERKHERVORMINGS
Sondag, 22 Oktober 2017
18:00 vir 18:30
NG Gemeente Andrew Murray
17a Oaklands Road, Orchards, Johannesburg
Gratis - Wyn en 'n ligte vingerete word bedien
RSVP voor 17 Oktober 2017:
Rudi Swanepoel
rudi@andrewmurray.co.za
naledi




# NG KERK BRAKPAN-OOS

NOOI ALMAL HARTLIK UIT NA DIE SPESIALE LOFPRYSINGS-BEDIENING...

| | |
|---|---|
| DATUM: | **SONDAG, 15 OKTOBER 2017** |
| TYD: | **09H00** Oggenddiens |
| PLEK: | **NG KERK BRAKPAN-OOS** |
| ADRES: | h/v BOUNDARY- EN LAPPINGWEG, BRENTHURST (tussen Brakpan High School & Brenthurst Primary) |

**TOEGANG IS GRATIS – VRYWILLIGE BYDRAES SAL OPGENEEM WORD.**

**ALMAL WELKOM. CD VERKOPE NA AFLOOP VAN OPTREDE IN KERKSAAL**



# GRATIS KERMIS - 4 NOV'17!

Die NG kerk Bonaeropark wil alle behoeftige werklose mense uit-nooi na ons gratis kermis!

Ons hou kermis op Saterdag 4 NOV 2017 vanaf 09h00 tot 12h00 waar alle items gratis gaan wees

Kom kry jou kaartjies by die deur

Adres: NG Kerk Bonaeropark Malpensaweg Bonaeropark (Kempton Park)

Kom ervaar Jesus se liefde

Ons sien uit daarna om jou daar te sien!

Vir verdere inligting kontak kerkkantoor info@hawe.co.za of Christo Botha by Christo.Botha66@gmail.com



# DONASIES BENODIG VIR GRATIS KERMIS - 4 NOV'17!

WAT: Enige bruikbare huishoudelike items in goeie werkbare toestand Klere/kos/skryfbehoeftes/tuingereedskap/kombuisware/boeke/linne/handdoeke/meubels/speelgoed/kontant ens)

WAAR: NG Kerk Bonaeropark Malpensaweg Bonaeropark (Kemptonpark)

WANNEER: Kan afgelaai word tot 3 NOV 2017

WIE: ALMAL WAT GESEEND IS OM IN DIE POSISIE TE WEES OM TE KAN GEE

Vir verdere inligting kontak asb. kerkkantoor info@hawe.co.za of Christo Botha by Christo.Botha66@gmail.com

** Hou asb. in gedagte behoeftige mense beskik nie oor die nodige fondse om stukkende items te laat regmaak/verf of bruikbaar te maak nie, dus n vriendelike versoek dat alle items in n skoon, goeie bruikbare toestand sal wees.

Baie dankie by voorbaat!

# HELP OM DIE VOLGENDE HOOFSTUK IN N KIND SE LEWENSVERHAAL TE SKRYF EN VERANDER SY / HAAR LEWE

Elke kind en jongmens in ons sorg het ‘n storie om te vertel. Hierdie stories vind nie in isolasie plaas nie. In die gees van Ubuntu, waar Ek is omdat jy is, raak hulle stories gelukkiger met die hulp van die direkte steun van donateurs, plaaslike gemeenskappe en gemeentes. Alle bydraes maak ‘n geweldige impak op die ontwikkeling van ons **Langlaagte kampus kinders**.

Help skryf aan die volgende hoofstuk. Ons wil dankie sê aan die **NG Kerk Hoëveld sinode** vir julle ondersteuning van ons kinders op **Langlaagte**. Julle dra by tot hulle ontwikkeling. Sodoende kan kinders hulle geleenthede optimaal benut en uiteindelik bydraende lede van ‘n gemeenskap word.

Ek vra vandag nederig, nie vir meer bydraes vanuit u gemeente nie, maar dat u sal gebruik maak van U netwerke om die boodskap oor hierdie behoefte uit te dra. Daar is reeds vele lidmate wat maandeliks bydra tot hierdie veldtog en ek wil glad nie meer finansiële druk plaas op U gemeente nie. Ek vra dat U die veldtog materiaal sal versprei aan ‘n vriend/in, werkskollega of familielid. Sodoende kan ons die teikengroep drasties groter maak en hopelik hierdie belangrike veldtog weer op dreef kry.

**Per dag per kind**

| **Langlaagte Uitgawes** | | **Langlaagte Inkomste** | |
|---|---|---|---|
| Huis personeel | R 122.52 | Staatsbevondsing | R 104.02 |
| Perseel onderhoud | R 54.81 | Sinodale bydrae | R 3.81 |
| Voedsel | R 22.94 | | |
| Opvoeding en ontspanning | R 4.05 | | |
| Vervoer | R 14.26 | | |
| Klere en toiletware | R 3.54 | | |
| Terapie | R 4.34 | | |
| Skoonmaak produkte | R 2.47 | | |
| Sakgeld, medisyne en sekuriteit | R 10.41 | | |
| Versekering, telefoon en huur toerusting | R 6.20 | | |
| Waardevermindering | R 10.78 | | |
| Finansies, bemarking en menslike hupbr | R 51.26 | | |
| **Totale Uitgawes** | R 307.58 | **Totale inkomste** | **R 107.84** |
| | | **Tekort** | **R 199.74** |

Vir slegs:

- **R199.00 per maand** kan U ‘n **Langlaagte seun of dogter** borg vir een dag vir die totale tekort wat ons benodig insluitende behoorlike bestuur.

Vir enige verdere inligting kontak my gerus:

Dirk Kotzé
Maatskaplike Fondsontwikelaar
Cell: 076 704 6903
E-pos: dk@abrahamkriel.org

**Bank Besonderhede. Verwysing – Borg n kind**
Abraham Kriel Childcare
Bank: ABSA
Tak: High street Brixton
Acc no: 140941336

Uit die Ou Dae ...
Kuier-oggend by
NG Kerk Birchleigh-Noord
Saterdag 28 Oktober 2017
by Esselenpark Kerksaal
om 10H00 @ *R50 pp*
Program aangebied
deur Marie Ras
Skakel 083 258 4529
vir verdere besonderhede

# BIDDAG VIR BOERE IN NOOD

MEER AS OORWINNAARS

ROMEINE 8:37

**MANNE ONTBYT**

18 November 2017 om 08h30

**NG KERK CHARL CILLIERS**

R 50 p/persoon

Ligte Ontbyt

Boere van Vryburg en Bultfontein wat kom getuig wat die Here vir hulle beteken op hulle plase.

Sluitingsdatum vir kaartjieverkope: 10 November 2017

Kaartjies is beskikbaar by kerkkantoor.

| | | |
|---|---|---|
| Kontakbesonderhede: | Kerkkantoor | 017 6400 239 |
| | Anelda Maritz | 082 66 90 333 |
| | Dr. Bennie Marais | 076 913 4861 |

# BYBELSKOOL

NG GEMEENTE AASVOËLKOP

21 Oktober 2017 | 09:00
Ontbyt met dr Jo Steenkamp

Op Saterdag 21 Oktober het ons die voorreg om, oor ontbyt, te luister na dr Jo Steenkamp – kliniese sielkundige wat wêreldwyd erkenning geniet.

**As stigter van die Ship Foundation het hy internasionale toekennings gekry vir sy terapie.**

Hy is 'n bekende op verskeie radio-stasies en sal by ons kom gesels oor:

***Die toekoms, wat nou? Raakvlakke tussen sielkunde en spiritualiteit...***

www.ship.org.za



Dr Jo Steenkamp

Toegang is R60 per persoon
(R100 vir egpare) en begin om 09:00
by Aasvoëlkop NG Kerk
Meer info by 011 782 5231

AVK BYBELSKOOL 2017




Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500 Feesvieringe deur die Tussen Kerklike Raad (NG, NH en GKSA), vind op

**Sondag, 29 Oktober 2017**

in die kerkgebou van die NG Kerk Universiteitsoord plaas.

Dit is in die vorm van twee eenderse fees-eredienste, die middag om 15:30 en die aand om 18:30.

As predikers tree Prof. Gert Breed en Dr. Stephan Joubert op, terwyl Ds. Hannes van der Merwe as liturg optree. Dit word voorafgegaan deur 'n historiese visuele program, 'n 30-instrument simfonieorkes onder leiding van Braam van Tonder en 'n massakoor onder leiding van Renette Bouwer.

R30 per kaartjie. Kaartjies kan bespreek word by Natassja Marais (pa@ngkhoeveld.co.za).

Raak jou geloof jou hart? Besef jy hoe lief God jou het en dat jou menswees vir Hom belangrik is?

Luther het geskryf: "Wat help dit jou dat God God is, maar nie jou God nie?" Hy het gewaarsku teen 'n stokkerige kop-geloof wat maar net aanvaar dat Jesus eens op aarde was en geleef en gesterf en opgestaan het. En - wat daarvan?

Nee: geloof is om te weet Jesus is vir my gebore, het om my ontwil gely en gesterf, en ek het saam met Hom opgestaan!

"Geloof in God is wanneer ek my vertroue in Hom plaas, en myself aan Hom toevertrou en alles in sy hand oorgee: alles prysgee ter wille van Hom en Christus as wins verkry!"

Lééf jy jou geloof?

Dr Danie Malan
Voorsitter - Diensgroep: LAS

# REF 500 FEESGELEENTHEDE DEUR DIE TKR AANGEBIED

## Houtkruis.. ‘n Musiekblyspel uit die Reformasie




Een van die produksies wat met die samewerking van die Tussen Kerklike Raad aangebied word, is die musiekblyspel, Houtkruis, wat in 2008 deur 24 000 mense in die Staats-teater gesien is.

Die Verhaal: Martin Luther het sy 95 stellinge teen Wittenberg se kerkdeur vasgenael en skokgolwe breek deur die bestaande kerk. Skielik kan jou geloof jou na die brandstapel stuur! Hoe Luther se optrede die gewone mense en die kerk raak kry gestalte in die HOUTKRUIS. Te midde van boere-opstande en monnikgesang beleef ons twee verhale van geloof, liefde, verraad en vergifnis.

Musiek wissel van Gregoriaanse gesange tot groot treffers soos Die Via Dolorosa, Hierdie Kind, en Koos Doep se Gebed.

Die hoofrolle: Jannie Moolman, Zita Pretorius, Marno van der Merwe, Edrien Erasmus, Rouel Beukes en Pieter Smit

Produksietye:
Vrydag 3 Nov . 19:00
Saterdag 4 Nov. 11:00 en 15:00
Sondag 5 Nov. 15:00

Plek: Choose Life Kerk in Rubensteinstraat Moreletapark, Pretoria.

Kaartjies: R120, R160 en R200 is beskikbaar. 20% Afslag vir 20+ kaartjies!

Bespreek: iTickets. (iTickets.co.za). Doen dit nou!

Kom kyk hoe die Reformasie van 500 jaar gelede jou vandag nog raak!!

# Wêreld Traumadag
# 17 Oktober 2017

Óf jy vasgenael van skok voor die TV of rekenaar sit en sien hoe mense afgemaai word in Las Vegas; óf dit nader aan jou deur is deur nuus van betogings, moord, selfdood, ens. in jou eie omgewing;




Óf dit jy of jou eie hartsmense is wat gekaap, verkrag, beroof, vermoor, aan 'n terminale siekte lei, verongeluk het of in 'n familievete of egskeiding vasgevang is ….

Die lys van gebeure wat trauma veroorsaak is nimmereindigend. Trauma raak ons almal in 'n meerdere of mindere mate – niemand is daarvan vrygeskeld nie!

Om trauma te verwerk moet jy die proses sowel as jouself verstaan en daarom het CLF twee kosbare (Gratis) pamflette genaamd "Trauma, hoe verwerk ek dit?" en "Help jou kind om trauma te verwerk" uitgegee. Bestel gerus daarvan en help jouself en ander om die seer van die lewe te verstaan en te verwerk. Dit kan ook bydra dat mense wat trauma beleef, dieper professionele hulp gaan soek wanneer dit nodig is.




Vir bestellings en navrae skakel 021 873 6964 of epos na info@clf.co.za of besoek ons webtuiste by www.clf.co.za

Vir verdere navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za of skakel 021 873 6964

## *Lees in die November-uitgawe van LiG ...*

LiG se November uitgawe gaan jou oë laat vonkel! Nadia Beukes vertel van haar droomtoer na New York, en ons word geïnspireer deur gewone mense wat groot droom én doen.

LiG vertel watter vaardighede jou kind kan aanleer wanneer hy help in die kombuis. (Ja, dit is die gemors werd!) Ons vra ook wat sukses in God se oë regtig is, en kyk wat die Bybel oor sterre sê.

Ons praat oor die hoekoms, moets en moenies van tienerselfdood. En vertel van 'n vrou wat 22 jaar lank aan kleptomanie gely het. Kundiges gee ook raad vir vroue wat voel dat hulle mans nooit tuis is nie.

Ons gee heerlike, gesonde kos-idees en maak lesers mooi. LiG gee jou die geleentheid om stil te raak, te ontspan en jou lewe te verryk met mooi, sinvolle inhoud.

LiG – vir jou en jou mense.



## PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

Kliek hier vir 'n lys van Pastorale Beraders.

## DATUMLYS



n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is hier beskikbaar.

## AFLOSPREDIKANTE

Klik hier vir 'n lys van aflospredikante.

## VAKATURES

Klik hier vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

| Organisasie / Instansie | Vakante pos | Sluitingsdatum |
|---|---|---|
| Bybel-Media | Hoof Fondswerwing | 25 Oktober 2017 |
| NG Gemeente Welbekend | Musiek / Aanbiddingsleierspos | 31 Oktober 2017 |
| NG Gemeente Ashton | Voltydse Leraar | 31 Oktober 2017 |

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, klik hier.

# GEBEURE

## In 'n neutedop...

## OKTOBER

| | |
|---|---|
| 14 | **Martin Mans optrede**<br>NG Primrose-Heuwel |
| 15 | **Cathy Viljoen "Genade"**<br>NG Brakpan-Oos |
| 17 | **Wêreld Traumadag** |
| 21 | **Missionale Werksessie**<br>NG Sinode Hoëveld |
| 21 | **Bybelskool**<br>NG Aasvoëlkop |
| 22 | **Rudi Swanepoel in gesprek met André Pretorius - Geloof Alleen**<br>NG Andrew Murray |
| 25-28 | **"Uit Diep van Donker Nagte"**<br>Aangebied by die Gereformeerde Kerk Centurion |
| 27 | **Dewald Gouws en sy orkes**<br>NG Kempton-Krag |
| 28 | **Basaar**<br>NG Standerton-Wes |
| 28 | **"Breakfast at Tiffany's"**<br>Uitkoms Tehuis vir Dogters |
| 28 | **Damestee - Uit die ou dae**<br>NG Birchleigh-Noord |
| 29 | **Kerkhervorming - Fees-eredienste** |

## NOVEMBER

| | |
|---|---|
| 3 | NG Brakpan 100ste bestaansjaar feestyd |
| 3-5 | **Houtkruis Musiekblyspel** |
| 4 | **Gratis Kermis**<br>NG Bonaeropark |
| 15 | **Coenie de Villiers optrede**<br>NG Kempton-Hoogland (Kairos) |
| 18 | **Jak de Priester optrede**<br>NG Lynnwood |
| 18 | **Manne Ontbyt - Meer as oorwinnaars**<br>NG Charl Cilliers |
| 19 | **Optrede: Willie Botha**<br>NG Boksburg-Wes |
| 20 | **Leierskapspraatjie deur Dr. Richard Blackaby - Maak 'n verskil in moeilike tye**<br>NG Kempton-Kruin |

**Die 2018 Kerkkalender is hier beskikbaar.**



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!**
**Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die nuusbrief plaas.**
**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**



**BESOEK ONS OOK OP *FACEBOOK***

**WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD**

VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbrief skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.